

Quo Vadis

Waar gaan u heen?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 53

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Blydskap . . . ken u dit?

Iemand wat vyf maal nege-en-dertig houe ontvang het,
drie maal met stokke geslaan is,
een maal gestenig is,
drie maal skipbreuk gely het,
'n dag en 'n nag op diep water deurgebring het,
dikwels in gevare van riviere was,
in gevare van rowers,
in gevare van sy volk, die heidene, die stad, die woestyn,
in gevare op see, onder valse broeders,
in arbeid en moeite,
in slapelose nagte, in honger en dors, sonder kos,
in koue en naaktheid.
Iemand wat dit alles deurgegaan het, het eenkeer gesê:

"WEES ALTYDDEUR BLY"

Paulus kon dit sê en as opdrag gee, omdat hyself in blydskap geleef het; in alles wat hy deurgemaak het kon hy nog voortdurend bly wees.

'n Heilige kuns

Blydskap laat hom nie opkommandeer nie. Om net te beveel "Wees bly!" sal geen blydskap bring nie... wat nog van voortdurende blydskap!

Die gemoedstemming van die mens word bepaal deur sekere prikkels wat op die gemoed inwerk of gevoelens wat uit die hart voortkom. So ken ons almal blydskap, droefheid, terneergedruktheid, opgewondenheid, ens.

'n Nuwe speelding maak die kind opgewonde.
Reën laat die droogtegeteisterde glimlag.
Vakansie bring vreugde.
Betaaldag skep verwagting.
Gesondheid wek lewenslus.
Siekte baar kommer.
Dood bring droefheid.
Sonde lei tot gewetenswroeging.

Sommige mense gebruik allerlei kunsmatige middels om hulle gemoed te prikkel. Sonder dié middels kan hulle nooit tot blydskap of enige begeerlike gemoedstemming beweeg word nie.

Die suorgesig vra brandewyn om te kan lag,
die neerslagtige roep om dwelmmiddels om lewenslustig te kan wees en
die genotsugtige jaag na plesier om nie verveeld te wees nie.

Om soms bly te wees, kom dikwels voor, maar om altyddeur en waarlik bly te wees, is 'n heilige kuns. Om altyddeur bly te wees, is 'n skat wat deur menige mens begeer word.

Die bron

Watter drangredes is daar wat ons tot voortdurend blydschap kan aanvuur? Wat stimuleer 'n ewigdurende blydschap? Paulus, die man wat deur al die gevare en moeite gegaan het en nogtans sê: "Wees altyddeur bly" (I Thess. 5:16), ontsluit ook die bron van voortdurende blydschap. Hy sê:

"God het ons nie bestem tot toorn nie, maar om die saligheid te verkry deur onse Here Jesus Christus, wat vir ons gesterf het, sodat ons... saam met hom kan lewe." (1 Thess. 5:9, 10).

God het ons vir die saligheid bestem. Jesus Christus het dit vir ons aan die kruis verwerf. Hy het vir ons en in ons plek gesterf. Hy het die dood oorwin en uit die graf opgestaan.

Ons leef nou met Hom tot in ewigheid. Deur die geloof in Jesus Christus kan Paulus altyddeur bly wees. Wat ook al gebeur en met hom gebeur, hy is bly, want hy leef met Christus. Daarom kon hy beveel: **Wees altyddeur bly.**

Blydschap loop soos 'n goue draad deur die lewe van hulle wat met Christus lewe, want hy gee rede daartoe:

Hy is die motief.

Hy is die bron van voortdurende blydschap.

Hy verlos radikaal en afdoende en

Sy redding is onaantasbaar en ewig.

J. J. d. W. Kruger.

Kerkmense is skynheilig

Ek is klaar met die kerk. Nee, nie met die Here nie, ek dien Hom nog... op my manier. Met die kerk wil ek egter niks meer te doen hê nie.

Die rede?

Kerkmense is...

SKYNHEILIG

Ja, ek sê dit sommer reguit, sodat almal kan weet waar hulle met my staan. Ek is geen tweegesig nie. Dit is juis my beswaar teen die kerkmense... hulle gee voor om te wees wat hulle nie is nie.

Sondag in die kerk is hulle die ene vroomheid... dan het hulle hul kerkgesigte op, maar in die week ken jy byna nie daardie selfde man nie... *ék* weet hoe hy die kat in die donker knyp — tweegesig!

Hy gaan maar net vir die skyn kerk toe, sodat almal moet dink hy is 'n goeie Christen, maar laat ek jou vertel hoe hy kul met sy besigheid — fariseër!

So is daar baie van hulle wat voorgee om Christene te wees en dit nie is nie — huigelaars!

Daarom het ek met die kerk gebreek... ek hou my nie met skynheiligheid op nie.

My vriend, as u nou 'n paar mense ken wat volgens u mening skynheilig is, is dit nou regverdig om te gaan veralgemeen en al die ander wat u nie ken nie onverhoed te veroordeel deur te sê **kerkmense** is skynheilig? Sou dit nie nader aan die waarheid wees om te sê kerkmense is sondaars nie, want almal van ons is uit onself...

Onheiliges

Nie net kerkmense is onheilig nie, maar alle mense... ook u. Niemand is regverdig, heilig en sondeloos nie... ook nie u nie! Skynheiligheid is ook maar net een van die baie vorms wat onheiligheid kan aanneem. Die onheilige duiwel kan hom selfs voordoen as 'n engel van die Lig! Nou is daar sekerlik ook kerkmense wat in hierdie opsig onheilig is... wolwe in skaapklere. U sê dat daar by u nie skynheiligheid is nie... goed, ons aanvaar dit, maar u is tog ook wel 'n onheilige. Ook vir alle onheiliges (u en ek en die skynheiliges) is daar alleen maar heil te vinde by...

Die Heilige

Onse God alleen is waarlik heilig — sonder sonde. Genadiglik het Hy Hom nie van ons, die onheiliges, losgemaak nie, maar sy Seun gestuur om ons te verlos en elkeen wat in Hom glo te heilig deur die werking van sy Heilige Gees. Op dié wyse verbind die Heilige Gees ons aan die Heilige en so ontstaan daar dan die gemeenskap van die...

Heiliges

Uit onself is ons onheiliges; maar wie in Christus glo, is deur Hom 'n heilige. Daarvan

spreek 1 Kor. 1:2 "... aan die geheiligdes in Christus Jesus, die geroepe heiliges..."
Soos die ranke van die wingerdstok almal by die stam saamkom, so is alle gelowiges saam verbind in Christus en móét daardie eenheid met mekaar tot uitdrukking kom... gemeenskap met die Heilige bring ook mee gemeenskap met die heiliges, en dit kom juis tot openbaring in die kerk.

Wie hom daarom aan die gemeenskap met die heiliges en dus aan die kerk onttrek, onttrek hom ook aan die Heilige. Niemand kan hom van die kerk losmaak sonder ontsaglike skade aan sy siel nie.

My vriend, al is daar dan, volgens u oordeel, 'n paar skynheiliges in die kerk, bly dit nog die gemeenskap van die heiliges.

Die skynheiliges sondig, maar u sondig ook... miskien nog veel meer.

Die sogenaamde skynheiliges soek nog na die gemeenskap van die heiliges; wie weet, miskien omdat hulle hul eie onheiligheid besef en smag na verlossing. Maar u, u het uself geskaar in die gemeenskap van die onheiliges, want om te meen dat jy beter is as ander, is om self 'n hoogmoedige fariseër te wees.

Keer dan liewers terug na die kerk, want luister wat sê die skrywer van die Hebreërbrief:
"... laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie... want as ons opsetlik sondig nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir ons sondes meer oor nie..." (Hebr. 10:25 en 26). Hy sluit die hoofstuk af deur te sê: "Maar by ons is daar geen onttrekking tot verderf nie maar geloof tot behoud van die lewe." (Hebr. 10:39).

Glo u?

Dan hoort u in die kring van die gelowiges, in die gemeenskap van die heiliges, in die kerk van Christus. U kragte is daar nodig in die stryd teen onheiligheid!

Sien ons u Sondag weer daar?

W. de Vos.

Waarom is die kerk so versnipper?

Ek stem heelhartig met u saam dat dit 'n baie belangrike vraag is en wat meer is — so iets in die kerklike lewe is nie mooi nie. Dit laat 'n ontstellende merkteken in die kerk na. Terwyl ons nou hieroor praat, moet ons albei erken dat ons hierdie saak nie kan vermy nie. Nog minder kan ons voorgee dat versnippering nie bestaan nie; intendeel, dit verdien ons volle aandag... en 'n antwoord. Boonop kan niemand sê dat die kerk hom nie aangaan nie.

U sê, dit is nie die kerk wat u salig maak nie; U ken ook te veel knoeiers en knoewerk in die kerk. U verkies om liever buite die kerk te bly — veral as die kerk binne so versnipper is. Voorbeelde van versnippering kan u vanaf die preekstoel tot by die lidmate voorhou.

U ken glo 'n dominee wat so boeiend kan preek en skares trek, maar intussen is hy die grootste onrusstoker tussen die kerke. Boonop dink hy dat sy kerk 'n mens in die hemel sal bring. Hy reken sy kerk is die ware kerk.

U het my ook vertel dat die meeste kerkraadslede die grootste knoeiers in die kerk is. Dit is glo hulle wat altyd net in die voorste gestoeltes wil wees. Hulle probeer enige ding om net in tel by die predikant te wees. Intussen jaag hulle die mense uit die kerk uit.

Dan weet u glo ook van een of ander suster wat so ywerig vir die kerk werk. Sy besoek tot siekes op haar eentjie in die hospitaal, maar intussen is sy besig om oor-en-weer stories van lidmate aan te dra. Sy is een van daardie soort wat lidmate teen mekaar die harnas in jaag.

Waar kom dit vandaan?

Ja, dit is waar, die sonde en die sondaars is baie in die kerk. Daar lê diep skeure in die kerklike lewe. Niemand kan die foute van die kerk goed praat of verdedig nie.

Ek kan u verseker dat dit buite die kerk niks beter lyk nie. Intendeel, buite die kerk is die verskeuring en versnippering van die menslike lewe nog veel erger. Van buite die kerk kom die gaste sonder die ware bruiufskleed na Christus in die kerk. Vandaar kry ons hierdie mede-arbeiders van die verdeeldheid en versnippering van die kerk.

Kan ek u wys van waar hierdie lelike merkteken in die kerk eintlik kom? Dit is vanaf die val en ongehoorsaamheid van ons eerste voorouers, Adam en Eva in die Paradys. Dáár het die mens by die skerwe van God se werk op aarde gestaan. Vandaar kom ook die lelike merkteken van versnippering van die kerk op hierdie aarde. Dit is die eie werk van die duivel.

Maar as dit al is wat ek u nou kan sê van die kerk, dan is ons albei die ellendigste van alle mense.

Tog genade

Nee, kyk, terwyl ons van hierdie versnipperde kerk praat, moet ons die kerk nie nou as 'n "hopelose geval" gaan begrawe nie, want dit is nie die dominee of die kerkraad se kerk nie. Dit is ewe min u en my kerk. Ons praat nog steeds van die kerk van Jesus Christus, onse Here. Ja, u ken die sondes van die kerk skynbaar baie goed, maar ken u die Sondeverlosser

van hierdie kerk net so goed?

Ek wil u verseker dat Hy die merktekens van die sonde van versnippering van die kerk tot in die fynste besonderhede raaksien en ken. Hy sien wanneer kerke hulle teen mekaar verhef. Hy sien wanneer lidmate van die kerk teen mekaar kyf en mekaar ondergrawe, maar nou vind Hy nie net fout met sy kerk nie. Hy het ook die rykste genade vir sy kerk gevind. Dit het op Golgota gebeur en die offerande van Homself aan die kruis het Hy vir hierdie kerk genade in die oë van God gevind.

Daarom, as u my vandag die versnippering in die kerk wil laat raaksien, wil ek u in die Naam van die Here van die kerk iets baie groter en heerliker laat raaksien. Dit is die genade van God vir só 'n kerk. God wil nog elke dag sy kerk tot daaglikse geloof en bekering bring, want Hy het geen begeerte vir die ewige dood van sy kerk nie. Inteendeel, Hy wil hê dat sy kerk moet lewe. Hierdie gesprek met u moet vandag vir u die bewys wees dat die kerk lewe. God praat met u deur sy kerk. God gebruik sy kerk. God roep u deur sy kerk. Waarom sal u nie antwoord nie? Waarom sal u nie kom nie?

'n Verskoning?

Een ding moet vir u buite die kerk baie seker wees. Die versnippering van die kerk, die onenigheid en verdeeldheid in die kerk, sal vir u nooit eendag in die finale eindgerig 'n verskoning kan wees waarom u buite in die koue en huilende eensaamheid van die wêreld gebly het nie. Die genade van God was vir hierdie sondige mensdom só groot dat Hy vanuit die rûines van die Paradys vir Horn 'n pragpaleis begin bou het.

Dit is die nuwe Jerusalem en die mense in die kerk wat glo in Jesus Christus is die stene van hierdie nuwe Jerusalem.

Wil u daarom dan ook eendag sonder verskrikking voor die regterstoel van God verskyn? Laat u dan ook soos 'n lewende steen opbou deur Jesus Christus, want Hy is die uitverkore en kosbare Hoeksteen.

Hy trek almal wat in Hóm glo vanuit die versnippering van die kerk saam in 'n heilige eenheid — wêreldwyd in Christus een — wat Sy roepstem sal vergader deur die eeue heen. Hy voeg saam wat andersins nooit saamgevoeg sou gewees het nie.

Mag dit ook u ondervinding wees!

P. du Plessis

PREDIKING IS VERVELIG

"Ag, ek gaan nie na hom luister nie. Ek het niks aan wat hy sê nie. Hy verveel my — om die waarheid te sê: alle preke verveel my!"

"Ja vriend, ons hoor meermale dat mense so redeneer. Wat meer is, ons wil hulle nie kwalik neem nie, want iewers is daar 'n misverstand. Ja, ek is seker dit is 'n misverstand, want die prediking is nie bedoel om u te verveel nie.

Ek dink ek weet waar die fout lê... die feit dat 'n mens gedwing word om daarheen te gaan... gedwing word om te gaan sit — en dit op 'n harde bank en te luister!

Gedwing word! Nee, ons wil nie gedwing word nie, en dwing ook niemand nie.

Kyk, die saak staan so:

Ons almal is soekers na geluk,

Ons is gelukkig as ons 'n goeie werk het, 'n goeie inkomste, 'n mooi huis en nog mooier motor. Is ons werklik gelukkig? Helaas nee! Daar is steeds meer wat ons begeer.

Tevrede? Nooit! Waarom nie?

Omdat die mens nie net van hierdie wêreld is nie. Ons kan dit reeds by die heidense volke sien. Hulle soek — hulle soek iets wat vas en seker is, iets wat bo hierdie tydelike tot anderkant die graf strek. Met ander woorde in sy diepste wese is die mens 'n soeker en hier is niks vas of seker te vind nie. Juis daardie vaste, daardie sekere, word aangebied in die prediking.

Die prediker het niks uit homself nie, maar hy bring slegs 'n boodskap — dat die vastigheid gevind en die behoefte gestil kan word by die Rots, Jesus. Die prediker kom met die Evangelie; dit wil sê die baie blye boodskap dat daar vir elkeen wat soek na vrede, wel vrede is, maar dan alleen by Jesus, die Koning.

U sê dit verveel u!

Miskien het u nog nie u eie nood besef nie! Miskien is u nog tevrede met die min wat u het; alhoewel u moet erken dat u die ware vrede nog nie ontdek het nie.

Ja daar is 'n vrede... 'n vrede wat alle verstand te bowe gaan. Daar is 'n antwoord op al die waaroms van die lewe, gesondheid en krankheid, rykdom en armoede, voedsel in oorbloed en gebrek... op al die vrae 'n antwoord maar slegs by die Evangelie. Daar is 'n ewige lewe, maar slegs vir dié wat glo. Glo dat Jesus die Seun van God is — Middelaar en Verlosser tussen God en mens.

'n Noodwendigheid?

Is dit dan nou nodig dat ons juis na die prediking moet gaan om te kan glo. Die antwoord: Ja. Ja, want alleen deur die prediking van die Woord, werk die Heilige Gees daardie vrede in die hart. Alleen deur die prediking van die Woord, word die geloof in die hart gewerk... heerlike,

warme, saligmakende geloof.

Wil ek dus vrede hê? Dit is slegs deur middel van die woord en Verkondiging daarvan te vinde.

Nou verveel die prediking nie langer nie. Nou vervul die prediking in daardie diepe behoefte. Nou bring die prediking my by die lewende Brood en Water wat voed en laaf tot die ewige lewe. Heerlike beloftewoord... hy wat die Seun van God aanskou, deur die Woord belewe, het die ewige lewe en word opgewek op die laaste dag.

Daar gaan 'n uitnodiging uit ook tot u: Kom na my toe almal wat vermoeid en belas is. 'n Uitnodiging wat terselfdertyd 'n opdrag is. Gaan en ontvang... ontvang die rus van die Evangelie. Bly egter weg en hoor die oordeel van God oor die ongehoorsames... oor hulle wat die hand van liefde wat God na hulle uitsteek, minagtend afwys.

Hoe staan die saak dan?

Prediking is vervelig as ons gaan, omdat ons gedwing word. Prediking is egter die grootste voorreg vir elkeen wat weet hoe nietig en doemwaardig hyself is, maar dan die klanke van God se genade oor 'n gevalle mens kan gaan verneem.

Ja, vriende, ook as u u nood besef, kan u gerus maar gaan luister. — weer en weer en u sal merk hoe Christus die Here daar met u besig is tot redding en verlossing en tot eer van sy Naam.

W. J. van der Westhuizen

EK IS MY EIE BAAS

"Ek is my eie baas... Ek doen wat ek wil... Ek hou niks daarvan om deur ander voorgesê te word wat ek moet doen nie — ook nie in my godsdiens nie. Ek wil nie gebind word deur 'n "narrow-minded" -godsdiens wat vir my voorsê wat ek moet doen en wat ek nie moet doen nie. Ek wil vry wees om my eie pad te gaan".

Toe ek u hierdie woorde hoor sê het, het ek baie bekommerd gevoel! Ek wou die saak verder met u bespreek, maar u wou nie. U het gesê dat wat u betref, die hele saak afgehandel is. Tog reken ek dat die saak nie afgehandel is nie

U sê dat u u eie baas is wat doen wat u lus het, maar sê my dan, hoekom hou u stil by 'n rooi verkeerslig — al is u baie haastig? As u dit doen, is u mos nie u eie baas nie. Hier buig u dan gewillig voor die reël van die verkeerslig — of as u dit anders wil stel, voor die gesag van die stadsraad wat die verkeerslig daar opgerig het. So erken u tog dat daar ander base bokant u is wie se gebooie u gehoorsaam. Hoekom wil u dan nie die gebooie van God, wat die hoogste Gesagdraer is, gehoorsaam nie?

Die Eie Ek

Nou sal ek u presies sê wat u groot probleem is. Naas die God wat hemel en aarde geskape het, verhef u u EIE EK tot 'n god en dan skuif u boonop die enige ware God opsy en gaan buig voor die bedorwe gesag van u Eie Ek.

U wil vry wees. As die verhouding tussen God en U bepaal moet word, wil u dit volgens u eie wil en sienswyse bepaal en u wil nie dat God dit bepaal nie, want u wil mos u eie baas wees.

Verkeerde Vryheid

Laat ek u waarsku. U is besig met 'n baie gevaarlike speletjie. Die ek-is-my-eie-baas-vryheid wat u nastreef, is in werklikheid geen vryheid nie, maar **bandeloosheid**. Die vryheid wat u soek, is die vryheid van 'n skip sonder 'n stuurman wat dobber op die golwe rond totdat dit vroeër of later teen die rotse te pletter geslaan word. Of dit is die vryheid van die verlore seun waarvan ons in die Bybel lees. Hy wou nie meer deur die vaderlike gesag gebind wees nie, hy wou vry wees. Hy vat al sy goed en bring dit met hoere deur en eindig by die varke.

Onthou, Satan skilder dit altyd vir die mens asof die gehoorsaamheid aan God se gebooie geen vryheid is nie, maar die verskriklikste gebondenheid. Daarteenoor teken hy ongehoorsaamheid aan die Here en wetteloosheid as die ware vryheid. So het hy dit onder andere vir Israel in die tyd van die profeet Jesaja geteken. Daarom het hulle van die wet van die Here gepraat as "gebod op gebod, gebod op gebod, reël op reël, reël op reël" (Jes. 18:10, 13) — met ander woorde, 'n hele lastige affêre, 'n blok aan jou voet wat jou verhinder om werklik vry te wees en jouself volgens jou eie luste en begeertes uit te lewe. Met hierdie siening van vryheid het Satan Israel in die ellende van die ballingskap laat beland.

Satan teken sake vir ons altyd so asof God die mens bind en Satan die mens vry maak en in

staat stel om sy eie baas te wees. Die smal pad en die nou poort waartoe God ons roep — dit is so eng, 'n mens voel so ingehok, maar hy, Satan, bied die mens die ruimtes — 'n breë pad en wye poort, maar... dit lei na die verderf.

Ware Vryheid

Laat ons tog nugter oor die saak redeneer. Wanneer is 'n vis waarlik vry — alleen as hy in die water is. Die water is vir hom geen gevangenis nie, maar sy lewenselement. Haal hom daar uit, dan gaan hy dood. 'n Trein is ook alleen vry as hy op sy spoor bly. As hy daarop bly, kom hy by sy bestemming. As hy sogenaamd "vry" wil wees, wil loop waar hy wil en van die spoor af gaan, vind daar 'n ongeluk plaas. So is dit ook met die mens.

Die mens wat deur God geskape is, is alleen waarlik vry as hy aan God gehoorsaam is en binne die kring van sy gebooie lewe. As hy uit hierdie kring uitgaan om "vry" en sy eie baas te kan wees, verongeluk sy lewe... vir tyd en ewigheid.

God wat ons ken en wat ook (veel beter as ons) die gevare ken wat ons bedrieg, gee sy gebooie aan ons **nie** om die lewe vir ons daarmee dodelik onaangenaam te maak nie, maar juis om ons lewens hier op aarde te beskerm en ons eenmaal die ewige lewe te laat intree. Die verkeersligwette van die stadsraad is ook nie bedoel om mense dood te maak nie, maar juis om mense se lewens te beskerm. So is dit ook met God se wette — alleen met die verskil dat Hy met sy wette nie net ons aardse lewe nie, maar veral ook ons ewige lewe in volle saligheid op die oog het.

Ons slotsom is dus:

U is nie u eie baas nie!
God is u Baas!
Buig dan gehoorsaam voor sy wette!
Deur sy wette skenk Hy u die ware vryheid!
Deur sy wette hou Hy u weg uit die kloue van Satan!
Deur sy wette wil Hy u laat lewe!
Deur sy wette lei Hy u na die ewige lewe!

P. J. de Bruyn.